Nuusbrief 11 / 7 Junie 2024

Midstream Ridge
Excellentia

# RAKKER

Respek / Respect · Authentic / Oorspronklik · Kreatief / Creative · Kommunikasie / Communication · Entoesiasme / Enthusiastic · Responsibility / Verantwoordelikheid

> "As die winter kom, kan die lente nie ver agter wees nie"

## Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Na 'n lang somerbederf, is die winter uiteindelik hier. Tydens die winter is daar diere wat hiberneer (sommige mense wens hul kan ook!) en sommige plantjies blom net 'n sekere tyd van die jaar. Die res van die jaar sien ons hierdie plantjie nie eers raak nie. Seisoene is ongelukkig (of dalk gelukkig) nie iets wat ons kan verander nie. Die belangrikste is om elke seisoen te omarm.

Beide juffrou Celesté Terblanche en juffrou Marika Gräter gaan aan die einde van die kwartaal met kraamverlof. Ons wens hul ook baie sterkte en vreugde toe in hierdie seisoen van nuwelinge.

So het mnr. Nathan Green, ons geliefde terreinbestuurder se seisoen by *Midstream Ridge Laerskool* ten einde gekom. Sy spore by *Midstream Ridge* is diep getrap. Ons is hom ewig dankbaar vir sy nalatenskap. Die Ridge Rakkers gaan veral sy interessante liedjies na saalopeninge mis.
Nathan, ons wens jou 'n geseënde nuwe seisoen toe.

Vir juffrou Leandri Britnell het daar ook 'n nuwe seisoen in haar lewe aangebreek en ons groet haar met 'n swaar hart. Ons gaan haar vriendelike gesig in die klaskamer en op die sportveld mis.
Ons wens haar alle sterkte toe met die nuwe avontuur in haar lewe.

### Rakker se Aanlynvraagstuk

Ons is verheug oor ouers se positiewe insette en betrokkenheid by hierdie vraagstuk. Ons glo dié inisiatief gaan nog lank vir ons kinders vrugte afwerp. Om ons leerders verder aktief betrokke te kry, wil ons graag hê hul moet Woensdag 12 Junie, soos ***Digitale Superhero's*** aantrek. Leerders kan hul verbeelding vrye teuels gee. Daar is geen kostes aan verbonde nie.
Let wel: Graad 1-leerders gaan voort met Beroepsdag se kostuumdag soos reeds in kommunikasie ontvang. Hulle sal wel aan die ander aktiwiteite deelneem.

**BELANGRIKE DATUMS: 10-13 JUNIE PRETAKTIWITEITE**:

**10 Junie**: Bewuswording
**11 Junie**: Emojipret
**12 Junie**: Digitale Superhero's Kostuumdag (Graad 2-7)
**12 Junie**: Beroepsdag (Graad 1)
**13 Junie**: Veiligheidsprotokol Muurkuns



# INLIGTING

**BIBLIOTEEK-NUUS**

**BLGG Studiemetodes**

## BELANGRIK

Die skool sluit Vrydag 14 Junie om

**10:00**

...vir die skoolvakansie

## MANDELADAG

Op Vrydag 19 Julie vier ons Mandeladag by *Midstream Ridge Laerskool.* U is welkom om bottels na die registerklasse te bring, maar geen bestanddele mag aangekoop word totdat klasonderwysers so versoek nie. Volg asseblief die skakel vir verdere inligting:

MANDELADAG

## EDANA-TOEP

Ons skool se selfoontoepassing vir kommunikasie is opgedateer en lyk nou anders. Volg asb. die onderstaande skakel vir 'n gids om die nuwe toepassing af te laai. Dié toepassing tree vanaf 1 Julie 2024 in volle werking, maar kan nou reeds op u selfoon geïnstalleer word.

EDANAGIDS

## CAPRIOLE STALLE PONIEKAMP

Die baie gewilde skoolvakansieprogram is weer vir die vakansie aan die gang. Laat u kind(ers) die dag op die plaas, saam met die lieflike ponies en perde, spandeer. Aktiwiteite sluit in; perdry, borsel, voer en heelwat ponieverwante aktiwiteite. Lewenslange herinneringe van speletjies, pret en vriende (perd en mens) sal gemaak word. Hierdie kamp is vir beginners en gevorderde ruiter geskik, volgens ouderdomsgroepe en ondervinding. Daar is twee opsies beskikbaar:

**Halfdag** (09:00-13:00) @ R 320, of **Voldag** (09:00-17:00) @ R 440

Kontak ons by 082 414 7378 of 082 573 4797 of equineiq@mweb.co.za

Klik asseblief op dié skakel vir meer inligting: CAPRIOLE STALLE PONIE-KAMP

# RAKKER-LANDLOOPSTERRE

Na vier suksesvolle ligabyeenkomste, wil ons graag met die MRP-landloopatlete se goeie resultate spog. Hiermee nooi ons ook alle leerders om by die landloopspan aan te sluit. Almal is welkom. Ons afrigter, Yolande Maclean, gaan volgende week haar staal wys deur vir haar tiende goud in die *Comrades Marathon* deel te neem.
Die eerste liga vind reeds op 12 Julie plaas. Kontak juffrou Minette Bornman by minettb@msrp.co.za vir meer inligting. Hiermee die ligadatums en plekke waar dit plaasvind.



## LANDLOOPUITSLAE

| Liga | | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|---|
| Markus Smit | O.9 | 44 | | 32 | 40 |
| Emma Roets | O.10 | 5 | 8 | | 5 |
| Willa-Retha Bornman | O.10 | 63 | 45 | | |
| Kobus Hoon | O.10 | 54 | 52 | 48 | |
| Luke Wells | O.10 | 45 | | 41 | |
| James Nicholson | O.13 | | 26 | 22 | |
| Amelia Oosthuizen | O.13 | 5 | 3 | 6 | 4 |
| Tayla Rudman | O.13 | | 10 | 9 | |
| Ruben Labuschagne | O.13 | | 18 | 32 | |

**Posisies in individuele wedlope behaal**











**Tydens die vakansie sal die landloopspan met oefening vir leerders wat tuis bly,voortgaan. Volg asseblief die onderstaande skakel vir die program:**

**JUNIE & JULIE LANDLOOPPROGRAM**